

Die Gereformeerde gemeente en sy dooplidmate

T Eloff, Pretoria
Jan J van der Walt, Potchefstroom

ABSTRACT

The Reformed congregation and its baptised members

Taking as points of departure the fact of the congregation being one covenantal community and also its covenantal responsibilities, it is noted that one should keep in mind both youth's commonality and diversity as a group.

The congregation's responsibility is more than organisational and institutional: it includes example. The church council should take initiative in and give direction to youth activities and the congregation as a whole should take note of the specific needs of youth and consciously provide in the fulfilment thereof. The family provides the basis for youth ministry.

Certain important and relevant fields for youth ministry were identified: the service of worship, individualized house visits and counselling, continuing/adult catechism and group work (such as Bible study, camps, seminars and social meetings). Here youth members should be given greater independence and initiative.

Youth's own covenantal responsibilities should be stressed, they themselves striving to become an active part of congregational life, consciously being involved in all congregational activities and using their own initiative in identifying and fulfilling youth needs.

VERTREKPUNTE

Om die verhouding tussen die gemeente en die dooplidmate prakties te kan aantoon en verder uit te werk, word twee vertrekpunte gebruik:

- ★ die dooplidmate is déél van die gemeente;
- ★ die belydende lidmate en die dooplidmate het op grond van die doop albei 'n verbondsverantwoordelikheid.

Die gemeente vorm één verbondsgemeenskap

Die eerste vertrekpunt is begrond in die gemeente as een verbondsgemeenskap. In die gemeente as God se verbondsvolk op 'n bepaalde plek, is nie sprake van onderskeie groepe met "eie" belange nie. Heitink (s.a.: 12) stel dat die jeug in die gemeente nie 'n uitsonderingsposisie het of moet hê nie, maar wel afsonderlike aandag nodig het. Hierdie afsonderlike aandag maak egter nie van die dooplidmate 'n "aparte" groep nie en hef ook nie die ouers en die skool se verantwoordelikheid in die totale vorming en opvoeding van die kind op nie. Die gemeente se verantwoordelikheid en besondere aandag aan die jeug moet 'n "aanvul-

lende en ondersteunende” taak ten opsigte van ander groepe hē (vergelyk Heitink en Hogenhuis, s.a.:13).

Dat die dooplidmate volwaardige lidmate van die verbondsgemeente is, word in beginsel in reformatoriese kringe nie betwis nie (vergelyk Nel, 1982:31; König, 1986:120-122). Dit is juis deur die doop dat elkeen in die gemeente ingelyf word. Dat hulle lidmaatskap in sommige opsigte “in-kompleet” of beperk is wat sekere voorregte betref, maak nie van die dooplidmate iets minder as lidmate nie. Die gevaar bestaan egter om dié beginsel in die praktyk te verwater tot ’n populêre en valse siening dat dooplidmate halwe lidmate is. En daarom is dit so belangrik om die eenheid van die belydende en dooplidmate van die een gemeente sterk te beklemtoon.

’n Faset wat, veral teen die agtergrond van die polemieë oor die kinderdoop, al sterker raakgesien en beklemtoon word, is wat König (1986: 115-117) die “korporatiewe” karakter van die verbond noem. God handel met die gemeente en nie bloot met die individu nie – en daarom is die eenheid van die verbondsvolk (die gemeente) belangrik. Daarmee saam wys König (1986:144) op die noue band tussen wat hy “kerk en heil” noem. Die kerk is die heilsgemeenskap en as kinders in die heil deel (iets wat selfs anti-kinderdoopkerke erken), is hulle deel van die liggaam van Christus, die gemeente. Daarby moet gevoeg word dat God se heilswaardige daad in Jesus Christus deur die Heilige Gees ten volle op belydende en nie-belydende lidmate betrekking het (vergelyk Hand 2:39).

Die hele gemeente het ’n verbondsverantwoordelikheid

Die tweede vertrekpunt volg logies hieruit en is begrond in die feit dat die gemeente God se verbondsvolk is. Uit die verbondsverhouding tussen God en gemeente, en meer spesifiek uit die bediening van die verbondsteken (die doop), volg dit dat alle lidmate ’n verbondsverantwoordelikheid teenoor God en mekaar het. Vanuit hierdie vertrekpunte sal die verhouding tussen en verantwoordelikheid van gemeente en dooplidmate ondersoek word.

WIE EN WAT IS DIE DOOPLIDMATE?

Die term “dooplidmate” word uiteraard gebruik vir die gedooptes wat nog tot openbare belydenis van hulle geloof moet kom. Die Sinode 1985 van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het die “verbondsjug” beskryf as dié “van geboorte tot vroeë volwassenheid . . . almal in die gemeente wat deur die kerkraad as deel van die kerk se verbondsjug beskou word” (Acta, 1985:501). In hierdie artikel word egter gekonsentreer op die dooplidmate – by wie aflegging van geloofsbelydenis dus nog moet plaasvind.

Al bestaan daar tussen die “groepe” dooplidmate self groot verskille (vergelyk Deputate Jeugsorg, 1987a:9), moet enersyds aan die gemeenskaplike tussen die verskillende jeugfasies vasgehou en andersyds die noodsaaklikheid om elke “groep” te akkommodeer, aangetoon word. Sonder om die resultate van die opvoedkunde en kindersielkunde te ignoreer, moet vasgehou word aan die wesenlike eenheid van die gemeente én

die besondere en gedifferensieerde aandag wat die dooplidmate hierbinne nodig het. Die Sinode 1985 van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sê dat “die kerkraad bewus moet wees van die dinamika in die verskillende leeftydsmomente van godsdienstige groei en godsdienstige behoeftes van die jeug onder sy sorg” (Acta, 1985:501). Richards (1985:18-21) waarsku dat jongmense nie as stereotipes, ’n “klas” op hulle eie, gesien moet word nie, maar as persone met ’n eie individualiteit. Hierdie waarskuwing is nodig, maar dit neem nie die gemeenskaplike elemente van die verskillende leeftydsmomente weg nie.

Benewens die verskeidenheid in ouderdom, geslag, gawes en belangstellings, is daar ook onder die dooplidmate ’n wisselende mate van geloofsvolwassenheid en -groei. En terwyl die ander genoemde sake (slegs) in ag geneem moet word by die besondere aandag aan die dooplidmate, moet geloofsgroei die mikpunt wees. Downs (1987:55-56) gebruik geloofsgroei en -volwassenheid, gekoppel aan die fisiologiese en sielkundige ontwikkeling van kinders en jongmense as maatstaf om die verskillende jeugfasies te onderskei en noem geloofsvorming en geestelike volwassenheid die mikpunt van jeugwerk. Die gemeente moet die dooplidmaat as potensiele belydende lidmaat reeds as bousteen in die kerk en koninkryk, “in ’n warm liefdesgemeenskap . . . laat opgroei waarin hy liefde van God en die gemeente as deel van sy alledaagse lewe ervaar. Hy behoort gaandeweg al meer daarvan bewus gemaak te word dat hy deel van hierdie verbondsgemeenskap is en hom hoe langer hoe meer bewus-telik moet identifiseer met die gemeente en daarom ook met God en Christus en met die Christelike lewenswyse” (Konig, 1986:150).

Hierdie taak is groot, veral as die res van die samelewing se “druk” op die dooplidmaat in ag geneem word. Veral groter kinders is vandag meer onderhewig aan invloede wat hulle vroeër as voorheen laat “ryp” en lewenswys word, dikwels sonder gepaardgaande geloofsvolwassenheid. Sulke dooplidmate is in ’n oorgangsfase waarin hulle blootgestel is aan groot veranderings in hulle liggame, persoonlikhede en leefwêreld (vergelyk Rice, 1987:482-485). Dit, saam met die kritiese ingesteldheid van die adollesent, skep dikwels by hulle ’n negatiewe houding teenoor die kerk en godsdiens wat (latere) onbetrokkenheid meebring. Die verantwoordelikheid van die gemeente vir die dooplidmate in sy midde is daarom uiters belangrik.

DIE VERBONDSVERANTWOORDELIKHEID VAN DIE GEMEENTE

Sonder om die beginselbegronning daarvan te herhaal (omdat dit ’n duplisering van die ander artikels in hierdie uitgawe kan wees), is dit nuttig om kortliks die besluite van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1985 oor jeugsorg weer te gee (genoem “Samevattende beginsels vir kerklike jeugsorg”):

- ★ “Kerklike jeugsorg vind sy vertrekpunt en inhoud in die verbond van God, waarin die verbondsjug ten volle ingesluit is.
- ★ “Elke verbondskind is ’n gawe van God aan verbondsouers en so vorm die gesin as verbondsgemeenskap die grondslag vir kerklike jeugsorg.

- ★ “Kerklike jeugsorg is wesenlik deel van die herderlike sorg wat Christus aan sy kerk opgedra het, en is dus onlosmaaklik deel van die amptelike dienswerk van die plaaslike kerk wat ook deur middel van skakeling deur kerke in kerkverband gestimuleer en bevorder kan word.
- ★ “Die verbondsjeug is wesenlik, gelykwaardig, verantwoordelik en eiesoortig deel van die plaaslike kerk en moet as sodanig erken en bedien word.
- ★ “Die kerklike jeugsorg is van geboorte tot vroeë volwassenheid op die verbondsjeug toegespits en het betrekking op almal in die gemeente wat deur die kerkraad as deel van die kerk se verbondsjeug beskou word.
- ★ “Kerklike jeugsorg het ten doel om vanuit die Woord van God met doelgerigte kategetiese versorging in die ouerhuis en kerk, met individuele herderlike sorg, met suiwere prediking en met onderlinge meelewing en opbou die verbondskind in sy totaliteit as mens deur toegewyde toerusting tot getroue roepingsvervulling te begelei.” (Acta, 1985:498.)

Uit bogenoemde beginsels gee die Sinodebesluit ook praktiese riglyne, sommige waarvan in hierdie artikel gebruik sal word (Acta, 1985:498-506). Hierdie beginsels sluit ten nouste by die twee vertrekpunte van die artikel aan. Wanneer van die verantwoordelikheid van die “gemeente” sprake is, word daarmee ouers, ander belydende lidmate en die besondere dienste (predikante, ouderlinge en diakens) bedoel.

★ *Die verantwoordelikheid van die gemeente is méér as organisatories en institusioneel*

Dit is belangrik dat die gemeente as geheel, en meer spesifiek die kerkraad, die verantwoordelikheid van die gemeente teenoor die dooplidmaat as 'n verantwoordelikheid voortspruitend uit die verbond beseft – en daarom as verpligting aanvaar. En alhoewel hieronder veral op die georganiseerde en institusionele sy van die nakoming van hierdie verantwoordelikheid gewys sal word, is die voorbeeld, belangstelling en betrokkenheid van die gemeente by die dooplidmate net so belangrik, indien nie selfs meer grondliggend nie. Veral kleiner kinders (tot en met 12 jaar) sien maklik (alhoewel verkeerdelik) die georganiseerde aksies op dieselfde vlak as dié van die skool se verenigings – selfs al is die inhoud daarvan verskillend. Dit op sigself lei hulle nie tot geloofsgroei en -volwassenheid nie. Dit is méermale die voorbeeld, houding, belangstelling en betrokkenheid van die belydende lidmate van die gemeente wat die raamwerk vir die werklike belewing van die verbondsgemeenskap en groei daarin skep. As die dooplidmaat se ouers byvoorbeeld negatief teenoor die eredienste en ander gemeentelike samekomste staan, sal die dooplidmaat daardie negatiewe houding waarskynlik “oorneem” en staan dit sy verhouding met God in die weg.

★ *Die kerkraad het 'n leidinggewende en toesighoudende verantwoordelikheid*

Vanwee die beginsel dat jeugsorg kerkwerk is, moet die kerkraad as

herders en regeerders van die hele gemeente die leiding en inisiatief in die besondere aandag aan die dooplidmate neem. Die sinodebesluite oor jeugsorg (1985 en 1988), asook die groter aktiwiteit van die nasionale sinode se deputate vir jeugsorg (byvoorbeeld die studiestukke oor jeugsorg en Bybelleesgidse) moet hierin verwelkom word (vergelyk Deputate Jeugsorg, 1986, 1987a, 1987b). Die bedieningsfasette waaraan hieronder aandag gegee word, sal op spesifieke verantwoordelikhede van die kerkraad wys.

★ *Die gemeente moet met die behoeftes en instelling van die dooplidmate rekening hou en bewustelik daaraan aandag gee*

Die gemeente moet in die totale bediening van en besondere aandag aan die dooplidmate hulle teenwoordigheid en behoeftes ernstig benader. Om (veral in die twintigste eeu) in die kerk die spreekwoord "Kinders moet gesien, maar nie gehoor (en in ag geneem word) nie" toe te pas, is om die gemeente se Goddelike verbondsverantwoordelikheid te misken. In die bediening aan die dooplidmate móét sake soos begrip- en konsentrasievermoe, belangstelling en betrokkenheid in ag geneem word, anders kan die bediening nie effektief en vrugbaar wees nie. Richards (1985:28) praat van "keeping in tune with youth" en beklemtoon daardeur dat die "ampte", ouers en ander jeugwerkers op die hoogte moet bly van die dooplidmate se leefwêreld om hierdie bediening te optimaliseer.

Die probleme is egter dat ouers soms ander se kinders se behoeftes in ag sal neem, maar nie hul eie nie, en dan in elk geval nie bewustelik nie. Daarom neem die gemeente die behoeftes van dooplidmate nie bewustelik in ag nie en bly die erediens byvoorbeeld toegespits op die belydende lidmaat. Dit is noodsaaklik dat kerkrade van tyd tot tyd (maar gereeld) vraelyste oor die behoeftes en die beleving van die bediening deur die verskillende groepe dooplidmate laat invul en die verwerkte resultate daarvan aan ouderlinge, diakens, katekisasieleerkrigte, ouers en predikante deurgee.

Die groot uitdaging aan die gemeente is om die wyse van bediening te varieer en te differensieer, sonder om die *inhoud* daarvan te verander of te verskraal. Enkele sake wat in die bediening van veral die adoloesente dooplidmate in ag geneem behoort te word, is:

- ★ die *eenvoud* waarmee die bediening geskied (vergelyk die vereiste wat die Here Jesus in Mark 10 : 13 - 16 stel vir die ingang in die koninkryk);
- ★ die *openheid en beskikbaarheid* van die besondere dienste (ouderlinge, diakens en predikante) vir die dooplidmate; daar moet bewustelik vrymoedigheid by die dooplidmaat verwerf word;
- ★ *eerlikheid* van belydende lidmate, veral oor moeilike en kontensieuse sake, is vir dooplidmate belangrik; hier kan byvoorbeeld aan die verskille tussen denominasies gedink word;
- ★ dooplidmate soek vandag al meer werklike *beginsel-begronde leiding* en wil weet wat die Skriftuurlike rede vir 'n spesifieke gebruik is en waar dit vandaan kom. (Vergelyk Acta, 1985: 509-10 en Deputate Jeugsorg, 1986: 1.3.)

ENKELE BEDIENINGSFASETTE MET BETREKKING TOT DOOPLIDMATE

Vervolgens sal aan enkele bedieningsfasette ten opsigte van die dooplidmate aandag gegee word, beginnende by die huisgesin. Hierin sal nie elke keer op voor-die-hand-liggende sake soos die ouers se taak in die godsdienstige vorming van die kind en die kategese gewys word nie, maar eerder die aandag gevestig word op belangrike sake wat nie normaalweg (genoeg) aandag kry nie.

★ *Die gesin is die basis van bediening aan dooplidmate*

Alhoewel die ouers 'n eie en selfstandige verbondsverantwoordelikheid het, geld die toesig en opsig van die kerkraad ook vir die gesin. Daarom behoort ouderlinge en predikante by ouers navraag te doen en (waar nodig) te bemoedig en te vermaan oor die verbondopvoeding van hulle kinders, die dooplidmate. Die pa se verantwoordelikheid teenoor die kinders word byvoorbeeld met die verskoning van werkklas of uitstedigheid té maklik op die ma "afgeskuif". Die gevolge is katastrofaal: dooplidmate se geloofsbelewing sluit die vaderfiguur uit en die vrymoedigheid om met die vader en verbondshoof van die gesin geloofs- en ander probleme te bespreek en raad van hom te vra, gaan tot niet. Dit kan selfs permanente verwydering tussen ouer en kind en God en dooplidmaat meebring.

Die gewone vrae by huisbesoek oor huisgodsdienste en voorbereiding vir kategese bly belangrik. Enkele ander maniere van die nakoming van hierdie verantwoordelikheid behoort egter ook aandag te geniet. *Huiskatkisasie*, na die eis van Deut 6 : 7, mag nie op die kerk (of skool) afgeskuif word nie. Die vorm daarvan kan verskil, en dit hoef nie eers as huiskatkisasie bekend te staan nie. Grondliggend vir die saak is die vrymoedigheid wat by kinders gekweek moet word om te vra as hulle iets nie weet nie. Huiskatkisasie kan wel saam met huisgodsdienste geskied, maar dit laat gewoonlik een van die twee skade ly. Dit is 'n goeie idee om een of tweemaal per week spesifieke geleenthede te skep vir hierdie huiskatkisasie – gespreksgeleenthede tussen ouers en kinders oor geloofsake en lewensprobleme van die kinders.

Nie lank gelede nie is die waarde van *groepsbybelstudie* nog nie oral in die Gereformeerde Kerke erken nie. Met die verskyning van al meer en meer gereformeerde Bybelstudiemateriaal en die sukses wat groepsbybelstudie as bedieningsmetode onder die studerende jeug geniet, moet dit oorweeg word as iets wat ook vir dooplidmate baie nuttig kan wees. Natuurlik bly die persoonlike Bybellees en/of studie en gebed (by kleiner kinders begelei deur een van die ouers) die fondament van die geloofslewe. Maar *selfstandige Bybelstudie*, met die hulp van 'n Bybelstudie- of Bybelleesgids, kan die eie geloofsverantwoordelikheid en -insig van die kind net bevorder. Die onderliggende rede hiervoor (in aansluiting by die klem op geloofsgroei) is dat dooplidmate deur hulle gesamentlike studie van die Bybel die drie-enige God "werklik kan ken" (Ef 1 : 17, 1983-vertaling) (vergelyk Richards, 1985:194).

Die waarde van groepsbybelstudie deur ouer dooplidmate (vanaf st 3), met materiaal wat deur die kerkraad verskaf en/of goedgekeur is, kan moeilik oorskakel word. Dit kan onder leiding van 'n ouer, die ouderling of selfs 'n toegeruste jong belydende lidmaat gedoen word. Groepsbybelstudie is iets wat Gereformeerde dooplidmate geleer moet word om te doen. Baie jong belydende lidmate het byvoorbeeld steeds 'n anti-patie (moontlik geskep en aangewakker deur die tuisgemeente en -predikant?) daarteen en beleef gevolglik nie die geloofsgroei wat in die laat adolossente jare moontlik en noodsaaklik is nie. Die plek om 'n gebalanseerde houding oor die waarde van groepsbybelstudie aan te leer, is die huisgesin en die gemeente. Die aanbeveling van die sinode van 1985 dat *gesinsbybelstudie* een maal per week aan die hand van 'n spesifieke tema of Bybelboek gedoen behoort te word, moet daarom verwelkom word (Acta, 1985:499).

Die dooplidmaat moet ook in die erediens "besondere aandag" kry

Die erediens kan as die sentrum van gemeentelike aktiwiteit beskou word (vergelyk Sondag 38, HK) en moet as sodanig 'n belangrike plek in die gemeente se "besondere aandag" aan die dooplidmaat inneem. Die ironie is dat dit juis in die erediens die minste "besondere aandag" aan die dooplidmaat gegee word en dat van sy kant af die dooplidmaat die "gaping" tussen hom en die belydende lidmate in die erediens die sterkste ervaar.

Die redes hiervoor kan legio wees en is nie hier ter sake nie. Moontlik is een belangrike rede vir baie dooplidmate se gevoel van onbevrediging met die erediens juis verkeerde verwagtings van die erediens. Na analogie van nie-kerklike aktiwiteite verwag baie kinders 'n "vertoning", selfs 'n konsert, waarin hulle agteroor sit en vermaak moet word, in plaas van 'n ontmoeting met God. Dié verkeerde siening is natuurlik nie tot dooplidmate beperk nie.

Aan die ander kant hoef maar net na die orde, vorm en inhoud van die meeste eredienste gekyk te word om te besef dat dit uit die oë van byvoorbeeld 'n sesjarige kind ver tekort skiet aan die "besondere aandag" wat aan die verbondsjug deur die gemeente verskuldig is. En hieraan is predikant (as liturg en prediker) en gemeente (as deelnemende – of passiewe! – verbondsvolk) ewe skuldig.

Enkele sake waardeur die verantwoordelikheid van "besondere aandag" beter nagekom kan word, is die volgende:

★ Maak seker dat dooplidmate *die betekenis van die liturgiese elemente* verstaan deur reeds vroeg in die katkisasie ruimte vir die bespreking daarvoor te skep, maar ook deurdat die liturg soms kortliks op die betekenis van 'n spesifieke liturgiese element in die erediens wys wanneer hy dit aankondig. Belydende lidmate mag dit (reeds) weet, maar kinders vergeet of word eers geleidelik groot genoeg om te begin verstaan. Indien hulle dit weet, kan hulle daardeur ook aangemoedig word om bewustelik deel te neem aan die dialogiese karakter van die erediens. Deur hierop te wys, kan die liturg in elk geval ook bydra tot die bewuste beleving van die erediens deur die belydende lidmate.

★ Die liturg behoort sy taal en houding bewustelik op die dooplidmate op laerskool toe te spits, sonder om dit neerbuigend, meerderwaardig of stroperig te laat wees. Indien dit eenvoudig, opreg en duidelik is, sonder clichés en verhewe “kerktaal”, sal ook ouer dooplidmate en die belydende lidmate daarby baat vind en beter verstaan (vergelyk Venter, 1984:32). En al sou daar byvoorbeeld besware ingebring word teen die gewoonte om die hoorders as “broeders en susters en kinders” aan te spreek, is dit tog nodig om die dooplidmate gereeld daaraan te herinner dat hulle deel van die “broeders en susters” is deur hulle soms regstreeks in die preek aan te spreek.

★ Ouers moet by dooplidmate algaande die *gewoonte aankweek* om aan albei erediens te kom deelneem (insluitend Nagmaalseredienste geloofsversterking kom ook deur te sien!) Die redes hiervoor moet (onder andere) in die verbondspelig van die ouers en gehoorsaamheid van die kind aan God begrond word. Valse denkbeelde, soos dat 'n mens net aan die erediens deelneem “as ek daarna voel” of dat die erediens (ook nagmaalseredienste!) vir grootmense en katkisasie vir kinders is, moet bewustelik en daadwerklik reggestel word. Ouers en die besondere dienste moet die sin en betekenis van die erediens verduidelik en in hulle eie optrede wys. Veral in die kweek van die gewoonte om aan die erediens deel te neem, moet egter nie dwingend te werk gegaan word nie, maar oortuigend en motiverend (en tog beslis), anders word 'n sterk antipatie teen die erediens (en God) gewek. Dit kan veroorsaak dat die dooplidmaat na die aflegging van geloofsbelydenis sy rug op die kerk en God keer.

★ Oor die kwessie van spesiale en afsonderlike “*kinderdienste*” was Gereformeerdes en gereformeerdes nog altyd tereg afwysend, veral omdat dit die eenheid van die verbondsgemeente verbreek (vergelyk benewens die vertrekpunte hierbo ook Barnard, 1981:391). En tog moet ook krities gekyk word na die praktyk van moederskamers waar kleuters oorverdwend en ongedisiplineerd speel en praat sodat die ouers in elk geval niks aan die erediens het nie. Die instelling van hierdie ouers om aan die erediens te wil deelneem, moet verwelkom word. Maar die vraag moet gevra word in hoeverre hulle daarin slaag om God onder hierdie omstandighede te ontmoet. 'n Praktyk wat aandag en ondersoek verdien, is dat op 'n ruilbeurt-basis een van die ouers by 'n huis of ander lokaal naby die kerkgebou oor die kleuters (tot ongeveer 7 jaar) toesig hou en hulle selfs met Bybelgeskiedenis en sang besig hou. Natuurlik mag só 'n praktiese reëling, wat (net) ten doel het dat albei die ouers die geleentheid het om aan die erediens deel te neem, nie in die praktyk “kinderkerk” word nie, want dan geld dieselfde geldige besware as teen kinderdiens. Sodra ouers sien dat 'n kind (hoe klein ook al) relatief stil kan sit en taamlik kan oplet en meedoen aan byvoorbeeld die sang, moet hy/sy erediens toe kom. Wanneer die kind groter word (ná 7 jaar) en dit kan beleef, is die belang van die gesin wat saam, soos met huisgodsdienste, die erediens bywoon en daaraan deelneem, uiters belangrik. Gesinne is tog boustene van die kerk en koninkryk (vergelyk die huistafels in Ef 5 - 6 en Kol 3).

Woordbediening moet in al sy vorme (ook) op dooplidmate toegespits word

Die *katetegese* is uit die aard van die saak 'n belangrike deel van die verbondsverantwoordelikheid van die ouers en die gemeente (Deut 6 : 6 - 9; 2 Tim 3 : 14 - 15) (ook Van Wyk se artikel in hierdie uitgawe asook Acta, 1985:504-5). En daarom word nie hier volledig daarop ingegaan nie, maar volstaan met enkele opmerkings.

Ook die *katetegese* wat onder leiding en toesig van die kerkraad staan, moet die dooplidmate lei om die verantwoordelikheid van volle verbondsgemeenskap met God en die res van die gemeente te aanvaar. Die klem moet daarom op geloofsgroei en die bring tot geloofsvolwassenheid wees, en nie blote kennis van die Skrif, belydenisskrifte en kerkgeskiedenis nie. Natuurlik is en moet kennis 'n belangrike element op hierdie pad wees. Daar moet ernstig gewaak word teen die wanopvatting dat die erediens die belydende lidmate se "kerk" is en die *katkisasie* die dooplidmate s'n. Ouers wat hulle kinders by die *katkisasie* aflaai sonder om self die erediens by te woon, is besig om hulle kinders geestelik ernstig te beskadig. *Katkisasiemeesters* moet uitdruklik die doel van die *katetegese* as *verbondsonderrig* deurvoer. Daarby kan die noodsaaklikheid van volwasse (en dus voortgaande) *katetegese* hierdie wanopvatting verder die nek inslaan.

Oor die dooplidmaat en die *prediking* kan boekdele geskryf word. Wat waar is van die gebrek aan besondere aandag in die erediens, is ook waar van die meeste preke. Predikante is geneig om 'n preek voor te berei met 'n "teikengehoor" in die agterkop. Hierdie teikengehoor sluit selde of ooit dooplidmate in, sodat die uiteindelik gelewerde preek ook nie "besondere aandag" aan die dooplidmate gee of van hulle vra nie. Elke prediker behoort sy eie manier te hê en te ontwikkel om die dooplidmate te betrek. Die punt is dat dit bewustelik in en vir elke preek gedoen moet word. Om dit te bereik, is dit 'n voorvereiste dat die prediker op 'n persoonlike en "amptelike" vlak (soos *katkisasie*) kontak met dooplidmate (selfs die heel kleintjies) het.

Iets wat benewens die gebruik van eenvoudige taal, konkrete voorbeelde en kort sinne die beste in die praktyk werk, is om aan die einde van elke hoofpunt van die preek 'n *kort samevatting* van daardie punt te gee – met 'n duidelike verwysing dat dit (veral) vir die kinders bedoel is. Wanneer 'n kind só aangespreek word, word "dwalende gedagtes" weer teruggebring by die preek – ook dié van belydende lidmate! Die ander praktiese voordeel van só 'n metode is dat dit selfs vir belydende lidmate die voordeel van 'n kort en konkrete samevatting het. Verder moet spesifiek en regstreeks in die toepassing van die preek na kinders en hulle omstandighede verwys word.

Die *huisbesoek* gee, veral omdat dit individualiserend kan werk, 'n goeie geleentheid om toegespitste aandag aan dooplidmate te gee. Dit is daarom te meer jammer dat sommige predikante, ouderlinge en diakens met 'n vraag of twee ("Hoe gaan dit in die *katkisasie*?") dié geleentheid verby laat gaan. Alhoewel die gesin 'n eenheid is, is dit tog, ter wille

van vrymoedigheid tussen ouderling/predikant en dooplidmaat, nodig om aan die begin van of gedurende die huisbesoek met 'n kind of kinders alleen te gesels. Kennis van persoonlike omstandighede en probleme van die kind is hierin belangrike elemente. En die herderlike geloofsversorgingstaak van hierdie lammers moet voorop staan, nie maar 'n "ouer oom" se belangstelling in sport- of skoolprestasies nie. Vrae (wat aanpas by die ontwikkeling van die spesifieke dooplidmaat) oor sy/haar geloofslawe moet gevra en antwoorde bespreek word. Die dooplidmaat moet die indruk van opregte en betrokke belangstelling kry, anders kan dit maklik gebeur dat die ouderling/predikant dié bousteen "verloor" (vergelyk Deputate Jeugsorg, 1987b).

'n Verdere bedieningsvorm aan dooplidmate is *individuele berading* ("counselling"). Veral hoërskoolkinders kan hierby baat vind, omdat hulle reeds in die leeftyd- en geloofsfasie is waartydens hulle self met sekere lewensvrae worstel. Richards (1985:146-148) stel drie vereistes vir Skrifgetroue jeugberading, naamlik die "ontdekking" van die werklike probleem deur die lidmaat, die effektiewe toepassing van God se wil op die spesifieke probleem (deur die toepaslike Skrifgedeelte(s) deur te gee) en die motivering van 'n Skrifgehoorsame en vrywillige reaksie. Hierdie metode van besondere aandag aan dooplidmate is in gereformeerde kerke nog grootliks onontgin en behoort meer aandag te kry.

'n Laaste saak, wat eintlik wyer gaan as die bediening van huidige dooplidmate maar tog belangrik genoeg is om te noem, is die kwessie van *voortgaande of volwasse kategese* aan voormalige dooplidmate. Dis enersyds nodig omdat nie alle dooplidmate beseft en inneem waarmee hulle in die voor-belydenis kategese besig is nie, en die vlak van geloofsgroei en -nadenke oor verskillende lewensbeskoulike sake eers ná die skooljare bereik word. Andersyds maak die eise van die tyd op jongmense sekere aansprake wat voortdurend in die Woordbediening aangespreek moet word. Die prediking en selfs huisbesoek het in hierdie opsig sekere tyds- en inhoudelike beperkinge. Die wyse van bediening moet dus hier aangepas word by die eise van die tyd. Die inhoud van die volwasse kategese hoef nie beperk te bly tot die behandeling van die belydenisskrifte nie, maar moet veral ander fasette van die Christelik-reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing insluit.

Jeugaksies is 'n belangrike vorm van bediening aan die dooplidmaat

Een belangrike faset van kerklike jeugsorg is *koinoniavorming* (Acta, 1985:505). Op die moeilike kerkregtelike "probleem" van die verhouding tussen kerklike jeugsorg en die Jongeliedevereniging word nie hier ingegaan nie (vergelyk Acta, 1985:507-8 en Acta 1988:801-3). Wat hier van belang is, is hoe die gemeente dié aspek van sy jeugsorg nakom, naamlik koinoniavorming.

Die beginsels ten opsigte van *groepsbybelstudie* in die gesin is ook geldig vir groepsbybelstudie onder groepe dooplidmate. Dooplidmate (veral in die hoërskooljare) is al meer gewoon aan groepsgepraak as 'n manier van leer en kennis evalueer. Jong adolossente stel soms self die waarde van groepsbybelstudie in geloofsgroei net onder dié van die prediking.

'n Belangrike nuwe-gevolg van groepsbybelstudie is die beleving van gemeenskap met dooplidmate van die eie ouderdom en belangstelling (vergelyk Rydberg, 1987: 453, 456).

Ander *groepswerk* verdien ook ernstige aandag (vergelyk Acta, 1985: 505; Risley, 1987: 372). Die vormende waarde (ook in terme van geloofsgroei) van kampe, toere, byeenkomste en uitstappies kan moeilik oorskakel word, *mits* die einddoel, naamlik geloofsgemeenskap met en kennis van God (en mekaar) steeds voorop gestel word. Dit gebeur té maklik dat Gereformeerde dooplidmate se aksies (insluitende baie jeugvereniging-aktiwiteite) net sosiale verkeer en ontspanning is. Daar bestaan byvoorbeeld 'n groot behoefte en noodsaak om jongmense van kleins af in 'n vorm van dienswerk te betrek (vergelyk Richards, 1985: 258-265; Risley, 1987: 377-378). 'n Gesonde balans tussen die uitlewing van die "gemeenskap van die heiliges" (antwoord 55, Heidelbergse Kategismus) en "diens aan mekaar" (Gal 5 : 13) is in hierdie opsig uiters noodsaaklik.

'n Probleem aan die ander kant van die spektrum is dat daar by baie dooplidmate 'n groeiende *antipatie* teen die jeugvereniging en kerklike jeugbyeenkomste is. Die kerk is "te konserwatief" en nie eietydse genoeg nie, word gesê. Sommige jongmense kom vanaf tuisgemeentes met hierdie vooroordeel teen die jeugvereniging en kerklike jeugaksies by "studentegemeentes" aan. Waaraan dit gewyt moet word, is nie duidelik nie. Wat wel waar is, is dat predikante, ouderlinge, diakens en jeugkommissies die gevaartekens hierin moet raaksien en jeugaksies op 'n eietydse manier en met 'n appellatiewe inhoud moet probeer aanbied. Een moontlikheid is om dooplidmate self 'n groter sê en verantwoordelikheid te gee, nie alle idees met koue water uit te blus nie, liefdevol en (werklik) prinsipiële te adviseer en nie te oorheers nie.

Samevattend lê hier, benewens die faset van die dooplidmaat en die erediens, die grootste veld braak vir 'n verbetering van die besondere aandag wat die gemeente aan die dooplidmate verskuldig is. Tegelyker tyd is die taak en uitdaging groot, want op hierdie vlak moet die gemeente met die buitewêreld "kompeteer" vir die belangstelling en entoesiasme van die kind. Die belangrike rol van die diaken in die betrekking van dooplidmate by gemeentelike aksies en meeleving is tereg deur die Sinode 1985 aangetoon (Acta, 1985: 505). Dit verdien die ernstige aandag van diakonieë. Dieselfde geld van skakeling tussen die dooplidmate van verskillende gemeentes.

DOOPLIDMATE HET 'N EIE VERANTWOORDELIKHEID

Ten slotte en in aansluiting met wat hierbo gesê is, moet ook op die verbondsverantwoordelikheid van die dooplidmaat self gewys word. Dooplidmate wat met die "eis" van besondere aandag van gemeentelike kant saamstem, moet ook die vraag vra wat hulle in dié verband kan doen om die situasie te verbeter. Die dooplidmaat moet nie net verwag om as 'n volwaardige bousteen van die gemeente beskou te word nie, maar moet hom/haarself ook as geskikte bousteen aanbied. 'n Dooplidmaat se eie verbondsverantwoordelikheid word nie deur die ouers of (res van

die) gemeente s'n opgehef nie. Die dooplidmaat het trouens 'n net so groot verantwoordelikheid teenoor die gemeente, wat algaande meer gesien behoort te kan word in sake soos:

- ★ bewustelike betrokkenheid by en deelwees van die gemeente; insluitend sake soos jeugbyeenkomste en groepsbybelstudie;
- ★ bewustelike deelname aan die erediens en ander georganiseerde gemeentelike aksies, soos dienswerk;
- ★ eie inisiatief in die identifisering en bevrediging van eietydse en jeug-behoeftes;
- ★ die nederige en waardige "opeis" van 'n selfstandige plek in die gemeentelike lewe, maar terselfdertyd die aanvaarding van die verantwoordelikhede wat die erkenning van só 'n eis meebring; dit is die teenkant van al die bedieningsvorme waarvan hierbo sprake was.

'n Aanklag van dooplidmate teen die kerk is terselfdertyd 'n aanklag teen hulleself en teen God en Jesus Christus, wat die verbondsgemeente gestig het en steeds onderhou.

SLOTSOM

Dit is duidelik dat die (belydende deel van die) gemeente en dooplidmate 'n wedersydse verbondsverantwoordelikheid teenoor mekaar het, maar dat die hele gemeente veral 'n verbondsverantwoordelikheid teenoor God het. Dooplidmate moet "terwyl hulle opgroeï" in die gemeente gelei word om die gemeenskap met God en met mekaar algaande beter en dieper te beleef en uit te leef. Dooplidmate moet egter ook self, namate hulle hierdie dinge beter verstaan en daarin groei, algaande hulle eie verbondsverantwoordelikheid aanvaar en hulle as "lewende stene" laat inmessel en opbou tot 'n geestelike huis, as deel van die één verbondsgemeente van die een Fondament, Jesus Christus (1 Pet 2 : 4 - 5).

BIBLIOGRAFIE

- Acta kyk: Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Barnard, AC. 1981. Die erediens. NG Kerkboekhandel: Pretoria.
Benson, WS en Senter, M. II. reds. 1987. The complete book of youth ministry. Moody: Chicago.
- Deputate Jeugsorg kyk: Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: Jeugsorg
Downs, PG. 1987. Faith shaping: bringing youth to spiritual maturity. (In Benson, WS en Senter, MH, reds. 1987. The complete book of youth ministry. Moody: Chicago, p 49-60).
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: Deputate Jeugsorg. 1986. Jeugsorg in die Gereformeerde Kerke. Deputate Jeugsorg (Nasionale Sinode) Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: Potchefstroom.
1987a. Die kerkraad en jeugsorg. Deputate Jeugsorg (Nasionale Sinode) Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: Potchefstroom.
1987b. Die ouderling en jeugsorg. Deputate Jeugsorg (Nasionale Sinode) Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: Potchefstroom.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1985. Handeling van die twee en veertigste nasionale sinode. Potchefstroom.
1988. Handeling van die drie en veertigste nasionale sinode. Potchefstroom.
- Heitink, G. en Hogenhuis, H. s.a. Kerk en jongeren. Kok: Kampen
Konig, A. 1986. Die doop as kinderdoop én grootdoop. NG Kerkboekhandel: Pretoria.
Nel, M. 1982. Jeug en evangelie. NG Kerkboekhandel: Pretoria
Nel, M. eindred. 1985. Kerkjeug antwoord. NG Kerkboekhandel: Pretoria.

- Rice, W. 1987. Junior high ministries. (*In* Benson, WS, en Senter, MH, reds. 1987. The complete book of youth ministry. Moody: Chicago. p 481-495.)
- Richards, L.O. 1985. Youth ministry. Zondervan: Grand Rapids.
- Risley, MJ. 1987. Strategies for summer camp as part of the church ministry. (*In* Benson WS, en Senter, MH, reds. 1987. The complete book of youth ministry. Moody: Chicago. p 371-385.)
- Rydberg, D. 1987. Dynamics of small group Bible studies. (*In* Benson, WS en Senter, MH, reds. 1987. The complete book of youth ministry. Moody: Chicago. p 449-458.)
- Van der Walt, JJ. 1982. Soek die Here in sy tempel. Potchefstroomse teologiese publikasies: Potchefstroom.
- Venter, CJH. 1984. Jeuggerigte prediking. *Die Kerkblad*, 17 Oktober 1984:32.
- Warren, M. 1982. Youth and the future of the church. Seabury: New York.